**20** Manku* en sy familie het tot geloof in Christus gekom nadat sy vrou genees is. Toe plaaslike dorpenaars daarvan uitvind het hulle hom geslaan, sy familie verban en Manku enige werk in die dorpie geweier. Bid dat die Here Manku se geloof sal versterk en vir hom ꞌn weg sal baan om ꞌn inkomste te verdien.



## BID VIR INDIESE VROUE EN MEISIES

**21** Bid vir Christenmeisies wat deur hul families onder huisarres geplaas word vir hul geloof. Bid dat God hulle sal bystaan en beskerm en bid dat hul families Hom sal leer ken.

**22** Vroue en meisies in Indië is onderworpe aan molestering, verkragting, fisieke en verbale mishandeling; poging tot moord; druk om aan Hindoe-rituele deel te neem; isolasie en uitsetting van hul huise en dorpies. Bid vir God se hand van beskerming om oor Christenvroue te wees, wat dubbeld kwesbaar is vanweë hul geslag en geloof.

**23** Bid vir dapperheid vir ꞌn suster wat deur ꞌn groep jong mans van haar dorpie geslaan is en gewaarsku is dat hulle haar gaan doodmaak as sy nie haar Christelike geloof laat vaar nie. Bid dat die Here haar skild en beskermer sal wees.

**24** Shanti het begin om Jesus te vertrou nadat Hy haar van ꞌn geestestoestand genees het. Haar familie het haar uitgeskop en haar dorpie het gedreig om haar te verban tensy sy Jesus ontken. Sy bid, “Here, ek bid dat U vir my ꞌn goeie plek sal voorsien om te bly. Asseblief help my om sterk te staan in U.”

**25** ꞌn Ma van vier, Jaanvi* (38), is weggestuur omdat sy Jesus volg, maar tog begeer sy dat haar dorpie Hom sal leer ken. “Ek sien die Hindoes om ons wat ly aan siektes en ꞌn tekort aan vrede, net soos my familie eens op ꞌn tyd gely het. Ek bid dat hulle Jesus Christus sal leer ken.”

**26** Geopende Deure lei plaaslike kerke op om seminare vir die oorlewing van vervolging aan te bied vir vroue wat deur vervolging geaffekteer is. Bid dat hierdie seminare vir baie vroue die krag en bemoediging sal gee wat hulle nodig het om sterk te staan in die geloof.

## BID VIR VERANDERDE LEWENS

**27** Geopende Deure werk deur plaaslike kerkvennote om Christene in Indië te ondersteun met Bybels, dissipelskap, lewensbestaan- en voorspraakondersteuning, en noodleniging. Bid vir wysheid en veerkragtigheid en dat hierdie werk die Kerk sal versterk.

**28** Dank God vir vervolgingsoorlewing-opleiding wat deur Geopende Deure se plaaslike kerkvennote gedryf word om Christene te help om op ꞌn Bybelse wyse op vervolging te reageer. ꞌn Deelnemer sê, “Ons weet nou hoe om soos verantwoordelike Christene te lewe en op te tree. Ek sal voortgaan met my bediening met selfs nog meer ywer.”

**29** Rajan het lewensbestaan-ondersteuning ontvang deur ꞌn wurmkompos-projek wat deur Geopende Deure se kerkvennote gedryf is. Hy het sedertdien meer mense by die projek ingesluit en ꞌn selgroep begin. Dank God dat 12 vervolgde families nou addisionele inkomste deur hierdie projek verdien!

**30** Oor die laaste paar jare is duisende Christene in Indië aangeval oor hul geloof. Bid vir dapperheid en beskerming vir plaaslike spanne wat so gou moontlik hierop reageer en groot risiko’s neem om slagoffers van geweld met noodvoeding en mediese sorg te ondersteun.

**31** Namate vervolging meer intens raak, beplan Geopende Deure om, deur plaaslike vennote, ondersteuning vir Christene in Indië te verdubbel. Bid vir onderskeiding vir die wat werk om die Kerk te versterk vir die langtermyn taak om God se Koninkryk in Indië uit te bou.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes

GeopendeDeure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
I www.opendoors.org.za

GeopendeDeure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD




“Die volk wat in donkerte geleef het, het ꞌn groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het ꞌn lig geskyn.”
– Jesaja 9:1 (1983)



## BID VIR DIE NASIE VAN INDIË

1 Meer as vier jaar gelede het die Hindoe-nasionalistiese party aan bewind gekom in Indië. Sedertdien het geweld teen minderhede toegeneem, en het Indië aansienlik op Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys gestyg. Bid vir God om die harte van Indië se leiers te verander om die regte van Christene en ander minderhede te beskerm.

2 Bid vir eerste minister Narendra Modi en sy regering. Bid dat hulle die waarheid oor Jesus sal leer ken, sodat God se mense in Indië vry mag wees om rustige en stil lewens te lei in volkome toewyding aan Hom (1 Timoteus 2:1-4).

3 Die regerende party verskerp sy aktiwiteite in noordoostelike Indië. In sommige distrikte word die openbare verkondiging van die Evangelie beperk, en Christene word openlik op sosiale media gekritiseer. Bid vir wysheid en dapperheid vir Christene wanneer hulle die Evangelie versprei.

4 Agt state in Indië het teen-bekeringswette in plek wat dikwels misbruik word om Christene te teister en selfs gevange te neem. Bid vir volharding en beskerming, veral vir Gelowiges vanuit ŉ Hindoe-agtergrond.

5 Nagenoeg 80 persent van Christene in Indië kom vanuit ŉ Dalit- of stamagtergrond, wat beteken dat hulle reeds onderdruk word omdat hulle van ŉ laer kaste is. Hulle is dus dubbeld kwesbaar. Bid dat hulle krag en hoop sal vind in Jesus se voorbeeld van geloof in die aangesig van onverdiende lyding (1 Petrus 2:19-21).

6 Geweld teen Christene het toegeneem in die aanloop tot die algemene verkiesing wat hierdie jaar plaasvind. Bid vir die Here se beskerming oor ons broers en susters gedurende die verkiesing en dat die nuwe regering geloofsvryheid vir almal sal nastreef, insluitende minderhede.

## BID VIR DIE KERK IN INDIË

7 Kerke word gevandaliseer, opgeblaas en aan die brand gesteek, en kerkleiers geslaan en gedreig met die doel om druk op Christene te plaas om hul geloof te herroep. Bid dat kerkleiers waagmoed en volharding sal hê om hulle lede te versterk om steeds bymekaar te kom ten spyte van die vervolging.

8 Pastor Sujit* is aangeval deur Hindoe-ekstremiste en sy kerk is drie keer afgebreek. Tog kom hy steeds in die geheim met sy gemeente bymekaar en hoop om eendag die kerk te herbou. "Bid asseblief," sê hy. "Ek glo dat God verseker die weg sal baan om die konstruksiewerk te hervat."

9 Bid vir ŉ pastoor in noordelike Indië wat vrygelaat is op borgtog na aanklagtes van skynbare geforseerde bekerings. Hy is steeds onder streng polisie-waarneming. Bid vir sy familie se beskerming namate ŉ Hindoe-ekstremistiese groep aanhou om hom te dreig.

10 Bid vir pastoor Gyran* wat deur 200 Hindoe-ekstremiste geforseer is om tot Hindoeïsme te herbekeer. Bid dat die Here in Sy genade pastoor Gyran se geloof sal herstel en bid vir sy fisieke en geestelike beskerming.

11 Talle Christene in Indië lewe in armoede en kan nie bekostig om hulle eie Bybel te koop nie. Bid dat God hulle in kontak sal bring met die wat Bybels versprei. Bid ook vir die beskerming van die wat God se Woord versprei.

12 Prys God dat, ten spyte van beproewinge en vervolging, die Kerk in Indië groei! Dank God vir die wat hulle veiligheid, vryheid en selfs hul lewens waag om hul geloof in hul gemeenskappe te deel – mag die Heilige Gees bly toevoeg tot hulle getalle.

13 Verlede September is Unga Karma (35) ontvoer en vermoor deur Naxalites nadat mense van sy dorpie vals getuienis gegee het dat hy inligting oor die Naxalites aan die polisie gegee het. Bid vir sy vrou en vier kinders wat sonder ŉ broodwinner agtergelaat is – mag God in hul behoeftes voorsien.



## BID VIR GELOWIGES VANUIT ŉ HINDOE-AGTERGROND

14 In onlangse jare het Hindoe-ekstremiste meer aggressief begin word, en verklaar dat om ŉ Indiër te wees, is om Hindoe te wees. Bid vir ŉ volhardende geloof vir Gelowiges vanuit ŉ Hindoe-agtergrond wat konstante druk ervaar om terug te keer na hul Hindoe-oortuigings.

15 Gelowiges vanuit ŉ Hindoe-agtergrond word dikwels deur 'ghar wapsi' of 'tuiskoms' veldtogte geteiken om mense te herbekeer tot Hindoeïsme. Bid dat God geleenthede vir dissipelskap aan jong gelowiges sal voorsien, sodat hulle die versoeking kan weerstaan om hul geloof in Jesus te herroep.

16 In Karan se Hindoe-dorpie is sy pa die dorpshoof, dit is dus ŉ skande dat Karan ŉ Christen is. Bid dat Karan deur God se Woord versterk sal word met behulp van Bybelse opleiding en dat sy hele familie Jesus sal leer ken.

17 Gallu* is ontvoer, geslaan en gemartel deur plaaslike dorpenaars in ŉ poging om hom te forseer om sy geloof te herroep. Gelukkig kon hy van sy ontvoerders ontsnap. Bid vir fisieke en emosionele genesing vir Gallu, en vir beskerming vir plaaslike gelowiges wat in uiterste vrees leef.

18 Toe Mamta* besluit het om Jesus te volg, het Hindoe-ekstremiste haar naam onder die aandag van ŉ senior regeringsbeampte gebring, en haar daarvan beskuldig dat sy ander Hindoes tot Christenskap bekeer. Bid vir Mamta se beskerming en vra die Here om haar uitgebreide familie tot saligheid te bring.

19 Bid vir Hindoe-ekstremistiese groepe wat die groei van die Kerk in Indië teenstaan. Vra God om hulle harte te versag vir die Evangelie sodat talle saligheid in Jesus sal vind.